Laerskool Bloemfontein

Laat ons drome waar word

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 34 **2011/11/17**

Uit die kantoor

Met hierdie, as die laaste nuusbrief van die jaar, bly daar net een woordjie oor en dit is: DANKIE. As ons terugdink aan hierdie jaar, was dit 'n ongelooflike jaar. Ek was veral geraak deur die entoesiasme waarmee ouers,onderwysers en kinders saamgewerk het, om 'n sukses van hierdie jaar te maak. Hierdie jaar het weer bewys dat die toekoms van die skool grootliks afhang van die betrokkenheid van ouers, toegewydheid van personeel en kinders en die feit dat die Here ons bakens altyd sal verskuif as ons Hom ten volle vertrou. Geluk met alles wat ons deur hierdie jaar bereik het!

Eendag was daar 'n man wat 'n kweekhuis besit het. Hierdie was een van die bes toegeruste kweekhuise nog. Alles in hierdie kweekhuis was perfek: die groeimedium, vogkontrole, die temperatuur en alles wat hier geplant word het gegroei. Op 'n dag roep die pa sy seun: "Seun, ek is so lief vir jou, dat ek van vandag af hierdie kweekhuis aan jou toevertrou. Ek het jou toegerus met alles wat jy nodig het om hierdie kweekhuis te bestuur, en ek het die kweekhuis toegerus met alles wat dit nodig het om die beste vrugte voort te bring. Geniet die kweekhuis, waak daaroor en onthou dat enigiets wat jy hier plant, sal groei." Met hierdie woorde het die seun die sleutel van die kweekhuis ontvang. Wat vreemd was, was die feit dat hy, om die een of ander rede, besluit het om nie dieselfde saad te plant,as dié wat hy by sy pa gekry het nie. Hy het eerder besluit om die veld in te vaar en saad te oes van die plante wat hy teëkom. So het dit dan gebeur dat hy terug is kweekhuis toe met 'n paar perskepitte, grassade, distels, duwweltjies en kakiebossaad. Hy het hierdie sade in sy kweekhuis gesaai en, soos sy pa belowe het, het alles gegroei. Die man kon spog met 'n rekord oes . . . van onkruid en 'n paar perskes!

Hoe absurd die storie ook al klink, is dit hartseer om te besef dat ons presies dieselfde doen. Ons het elkeen 'n hart verniet ontvang, wat ontwerp is om enige saad wat daarin geplant word te laat groei. Enige gedagte wat in ons gemoed toegelaat word, sal vrug dra. Gedagtes van wanhoop sal lei na 'n lewe van vrees en bekommernis. Hierdie gedagtes kom nie van die Here af óf word deur Hom geïnisieer nie. Dit hoort dus nie in Sy kweekhuis nie. Die genade is dat die regte positiewe gedagtes sal lei tot vreugde, vrede, liefde, vergenoegdheid, hoop, optimisme – en die vrugte van die Gees. My liewe pa en ma watter saad en gedagtes gaan u hierdie vakansie in u kind se hart saai?

Sterkte met die eksamen en geniet die vakansie sommer baie!

Skool begin
18 Januarie 2012
om 7:30

BELANGRIK

MEDIA: Besoek die **webblad** by **lsbfn.com**. of gaan kyk op facebook om foto's van ons skool se Kleur-Atletiek te sien.

0/11A speel teen Sand du Plessis en hulle wen met 71 lopies. Die man van die wedstryd is HJ de Lange wat 4 paaltjies gevat het en 64 lopies aangeteken het. Ons seuns slaan 123 lopies teenoor Sannies 52 lopies. Mooi so manne!

Bekommernis?
Ons kry baie navrae oor die volgende:

- Gaan ons skool se naam verander?
- Gaan ons skool se kleredrag verander?

Ons bly Laerskool Bloemfontein. Ons naam gaan nie verander nie en ook nie ons kleredrag nie.

Belangrike Inligting:

Eksamen eindig 28 November 2011. Skool sluit 9 Desember om 11:00 vir ons leerders. Ons is dan klaar met akademiese werk. Ons is dan besig met skoonmaaktake en beplanning vir volgende jaar. Die onderwysers is by die skool tot 13 Desember 2011. Rapporte kan Vrydag, 9 Desember by die register personeel afgehaal word tot en met 9:00. Die skool sluit om 10:00.

Studiegeld: Alle uitstaande studiegelde moet asseblief so gou as moontlik inbetaal word.

Skoolfonds: Onthou om dit stiptelik te betaal asseblief.

Busgeld: Maak asseblief seker dat die busgeld betaal is.

Graad 1 - inskrywings vir 2012

As daar nog graad 1-leerders vir volgende jaar is wat nog nie ingeskryf het nie, moet u dit asseblief so gou as moontlik doen.

Kennisgewings

Donderdag, 17 November
Skool kom 12:30 uit.

Vrydag, 18 November
Eksamen
Skool kom 12:30 uit.

Maandag, 21 November
Eksamen
Skool kom 12:30 uit.
Begrotingsvergadering
18:00 in die personeelkamer

Dinsdag, 22 November
Eksamen
Skool kom 12:30 uit.

Woensdag, 23 November
Eksamen
Skool kom 12:30 uit.

Donderdag, 24 November
Eksamen
Skool kom 12:30 uit.

Vrydag, 25 November
Eksamen
As gevolg van die HS se personeel aangeleentheid moet die busse vroeër ry. **Die skool kom 11:00 uit.**

Maandag, 28 November
Eksamen
Skool kom 12:30 uit.

ALGEMEEN

Albany brood – Ons het besluit dat ons nou al gaan begin sakkies bymekaar maak vir volgende jaar se kompetisie. Stuur asseblief julle broodsakkies skool toe ons wil aan 'n kompetisie deelneem waar die skool tot R50 000 kan wen.

Eksamenflaters:
Oordrewe: Mense wat oortree, as jy meer sê as wat jy moet.

Leerderraad se gedagte

Kom ons dans in die son met veldblomme in ons hare…

BEGROTINGSVERGADERING

MAANDAG,
21 NOVEMBER
18:00
IN DIE PERSONEELKAMER
ALLE OUERS WELKOM

EKSAMENROOSTER
NOVEMBER 2011

DATUM	GR. 4 +5	GR. 6	GR. 7
Vrydag 18 Nov	Teg	Teg	Teg
Maandag 21 Nov	NW LO	WISK (Dept) LO	WISK LO
Dinsdag 22 Nov	Eng	SW	Afr
Woensdag 23 Nov	Wisk	Afr (Dept)	Eng
Donderdag 24 Nov	Afr	EBW	EBW
Vrydag 25 Nov	EBW	Eng	SW
Maandag 28 Nov	SW	NW	NW

HONDJIES TE KOOP

Opreg geteelde blou tong bruin chow hondjies beskikbaar. 8 weke oud. Prys: R 800
Skakel: Shaun Pretorius
072 790 5468

SKOOLDRAG PRYSE BY SKOOL

Das	R50
Dik baadjie	R250
Kouse	R30 per paar
Pennesakkie	R10
Rok	R170 – R200
Sportbroek	R120
Sporthemp	R120 – R150
Sportsak	R180 en R120
Sweater	R120
Sweetpak	R350
Truie	Navy koop by Ackermans of PEP (borduurwerk R15 addisioneel)

NAMIDDAG STUDIE
R170 per maand per leerder

Gr. 1 Pakkette

'n Pakket met benodigdhede vir graad 1 van 2012 is teen R270,00 by tannie Bets beskikbaar.

AUTO PARTS CENTER

REPLACEMENT AUTO BODY PARTS FOR ALL VEHICLES
26 McGregor Street
East End
Bloemfontein
Tel: (051) 448 4481
Fax: (051) 448 4482
E-mail: autoparts@lantic.net

ANSA BESTBIER

KINDERTERAPEUT
082 473 1280

Die volgende vaardighede van jou kind kan verbeter:

- Hantering van: boelies
  woede
  egskeiding
  vrese
  nagmerries
  die dood
  konflik
- Emosionele intelligensie

Brillstr 9
Westdene

STEON VERKOELING

Verskaf en herstel van alle lugversorging, koel- en vrieskamers
Huis ysters, kroeg yskaste, vertoonyskaste.
Carrier, LG, Samsung, Dunham bush
Daikin, Gree, TCL, York en meer.
Herstel van wasmasjiene en stowe
24/7
Tel/Fax (051) 4331175
Sel 0833783637